TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: N G KERK P E HEIDEVELD **Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- ¨ Kerkraad *12 Groepe het deelgeneem (nie almal meld getalle v. groepe nie)*
- ¨ Wyke *Die wat dit vermeld = 97 lidmate*
- ¨ Kleingroepe *Individuele response = 38 lidmate*
- ¨ Lidmate: byeenkoms *TOTAAL 135 LIDMATE*
- ¨ Lidmate: individueel
- ¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- ¨ Ja
- ¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Oorweldigende meerderheid voel dat Belhar belydenis nie aanvaarbaar is nie. 2 response uit 135 positief – 133 negatief.
Sterk negatiewe gevoelens oor Belhar. Baie reaksie oor Belhar as voorwaarde vir eenheid – wantroue oor aandrang om dit wel te aanvaar – vrese dat dit wel as voorwaarde in toekoms sal geld.
Teenstrydige standpunte oor voorwaardelike skep groot verwarring dat geen versekering wat nou onderhandel word, in die toekoms sal geld nie. Groot wantroue oor integriteit van die proses oor hierdie saak.
Stel voor dat dringende aandag gegee word om dit uit te klaar.
Enkele inhoudelike besware – God van die arme ens, is die wat nie vir eenheid is nie, sondig ? – Kan knelpunt Veroorsaak.

Nuwe/ ander voorstelle?

Bly by konfessionele soos tans.

Uitspraak sal welkom wees of die wat nie eenheid nastreef nie, sonde doen?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Steun vir assosiaat lidmaatskap – moet egter duidelik beskryf word.
Een nuwe Algemene Sinode nie aanvaarbaar.

2 response positief oor model.

Sterk vrese oor een sinode wat sal lei tot verdwyning/oorheersing / identiteitsverlies van N G K –
-meerderheid respons teen model.
Sinodebesluite is vir almal om uit te voer – al is gemeente selfstandig?
Vrae oor vermoë van model om vir kultuur, taal, styl voorsiening te maak.
Gemeentes se selfstandigheid sal beslis negatief geraak word deur 1 nuwe Algemene Sinode.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Wat moet by die voorstel bygevoeg/weggelaat word?

Elke kerk behou eie sinodes en ringe.
Ontbinding van Algemene sinode - nie nodig.

Uitklaring oor afdwingbaarheid van besluite.

Praktiese kwessies soos taal ens. moet eers uitgeklaar word voordat besluite geneem
word oor 1 Algemene Sinode.

Nuwe/ ander voorstelle?

1. Daar moet kritiese nadenke wees oor rol, status, funksie van Algemene Sinode.
2. Behou elke kerk se Algemene Sinode en skep nog ‘n “Algemene Sinode” waaraan almal kan behoort.
3. Duidelike voorsiening kom in model vir lidmate/predikante wat nie wil herenig en wat reeds praat van skeuring. Model geen nie uitspraak oor sulkes nie.
4. Duidelike uitspaak oor wie bates behou indien selfs minderheid nie wil herenig.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

1. Samewerking/projekte wat natuurlik/informeel geskied.
2. Projekte = duidelike getuienis van God se hand in die wêreld.
3. Positiewe respons oor nodigheid hiervan.
4. Projekte is nie afhanklik van hereniging – hoef nie te herenig sodat daar sulke projekte kan wees nie.
5. Geesvervulde gemeentes sal geen probleme hê met samewerking nie.
6. Moet ‘n natuurlike groeiproses wees.
7. Sterk respons – vanuit ervaring van hierdie gemeente in samewerking met gemeente van VGK – alles kom van een kant / nie aktiewe deelname / nie volle samewerking / VGK gemeente doen alles na binne- al wat op agenda is is eenheid.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Samewerking/projekte is nie uitdeel (handouts) nie, slegs versoeke om hulp / net ontvang/voordeel trek nie.
Teenstrydigheid moet verwyder word uit proses - aan die een kant proses van onder groei- aanvaarding daarvan, maar sterk ongelukkigheid oor besluit van "of" + "hoe" van bo af – beskou besluit as reeds geneem – Waarom dus konsultasie as besluit reeds geneem is?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Sterk gevoel dat eenheid skeuring sal veroorsaak/ dat lidmate gaan verdwyn / lidmaatskap sal opsê.

Gedagte van weggee van eie kerk/ oorgawe/ ingesluk word sal versoening belemmer /
Veroorsaak sterk emosie.
Gedagte van politiese motiverings wat in proses teenwoordig is – wat versoening sal afbreek eerder as bou.
Gedwonge versoening is nie gelyk aan versoening nie.
Versoening is God se wil.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Waarom is daar nie ook pogings om versoening te bewerk tussen APK, Gereformeerde Kerk of Hervormde Kerk nie?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Nuwe Naam: Verenigde N G Kerk en Nuwe N G Kerk

.....

Sterk emosie oor naamsverandering

.....

Sterk teenkanting teen naamsverandering – Bly soos dit is.

.....

ANDER SAKE

Eenheidsgesprek verdring ander noodsaaklike gesprekke/optredes/ aksies t.o.v. misbruik van God se Naam, Liefde vir God wat afgekoel het, egbreuk, vrye seks, wêreldliefde, vervreemding van kerk, hantering van jeug.

Baie geld, tyd, vergaderings aan eenheid – lyk asof dit al saak op agenda is.

Daar is reeds verskoning gevra oor die verlede – lidmate gaan dit nie oor en oor doen en eenheid nastreef oor foute van die verlede nie.

Soek meer statistiek i.v.m. aantal gemeentes in onderskeie kerke, nie net oorkoepelende verslag sonder verwysing na statistieke nie.

Stemming – lidmate wil stem per stembrief.

Stemming- as skriftelike besware ontvang word teen besluit van kerkraad- hoe werk proses? – bv. Hoeveel lidmate moet skriftelik beswaar maak sodat daar 'n toetsing van die gemeente kan wees?
Kan besware uitloop op veranderde besluit (anders as wat kerkraad geneem het ?)
Wanneer moet die gemeente getoets word?

Waarom kry eenheid nie aandag by ander kerke – as die Bybel so duidelik is oor die opdrag tot eenheid nie.

Wat van lidmate wat wil agterbly – al word 2/3 meerderheid behaal?

Aan wie behoort bates?

Verskeidenheid van God se skepping = sondig

Word nie oorbeklemtoon of verhef as skeiding as verkies word om in eie taal en styl bedien te word nie.

Voorstanders van eenheid op groter strukture - het nie aandeel in eenheid op gemeentelike vlak nie-

Leiers in 'n gemeente tree nie as eenheid op nie – laat proses integriteit verloor.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055